# SONDAGSKOOL LES: Gawes van die Heilige Gees – Spreek Gawes

**Doel van les:**

- Hierdie week gesels ons oor die laastedrie gawes van die Gees. Ons noem hulle die Spreek gawes.

**Ysbreker: Geheimekode**
Gee vir elke groep 'n blaai met die geheime boodskap op. Gee 'n tydjie kans vir die kinders om die boodskap te ontsyfer.

**INLEIDING**:

Verlede week het ons begin gesels oor die Gawes van die Heilige Gees en die Doen gawes behandel. Vandag gesels ons verder en ons behandel die Spreek gawes.

**Groepwerk:Spreek in tale**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan weereens 'n definisie skryf vir die gawe van Spreek in tale na aanleiding van wat julle nou gelees het.

- Markus 16:17
- 1 Korinthiërs 14:6
- Handelinge 2:4-11
- Handelinge 10:44-46

**Hulpvirleiers**
Dis die gawe waarin jy in 'n hemelse of aardse taal praat in die kerk. Die aardse taal sal iets wees wat jy nog nooit geleer het nie, maar jy sal die vermoë hê om dit op daardie oomblik te kan spreek. Dit sal 'n boodskap wees vir 'n persoon in die diens of moontlik vir die gemeente. 'n Geskenk van taal, gebruik om God te verheerlik en gelowiges te versterk.

**Groepwerk:Uitlê van tale**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan weereens 'n definisie skryf vir die gawe van Uitlê van tale na aanleiding van wat julle nou gelees het.

- 1 Korinthiërs 14:12-13

**Hulp vir leiers**
Dit sal saam met die gawe van spreek in tale gaan. Jy sal die taal kan verstaan waarin die persoon gespreek het waar niemand anders kon nie en dis dan jou plig om die boodskap oor te dra aan die persoon of gemeente vir wie dit bedoel is.

**Groepwerk:Gawe van profesie**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan weereens 'n definisie skryf vir die gawe van profesie na aanleiding van watjulle nou gelees het.

- 1 Korinthiërs 14:3-4
- Handelinge 19:6

**Hulp vir leiers**

Dit is nie toekoms voorspellings nie, maar om 'n woord uit God se hart te ontvang vir 'n spesifieke persoon op die regte tyd in sy/haar lewe of vir die gemeente. Dit is 'n woord van vertroosting, bemoediging of geestelike opbou. Onthou dat daar die gawe van profesie is, maar ook die amp as profeet. Hierdie twee verskil van mekaar.

Kry terugvoering van groepe.

Wat dink julle is die doel van hierdie spreek gawes in die kerk?

**SAMEVATTING**:

God gee vir elkeen van Sy kinders spesiale gawes. Hy gee dit verniet, maar met 'n spesiale doel ingedagte. Hy wil hê ons moet 'n seen wees vir ander en getuienis vir die wat nie wat in Hom glo nie. Onthou dat elke gawe wat gegee word het 'n doel met die eind resultaat dat God verheerlik word.

Sluit af in groepe met gebed.